RAADSBELEID

ONDERWERP : ARMLASTIGE *("PAUPER")* BEGRAWINGS

VERWYSING : 16.6.4

BESLUIT NR : 17/09/2002 DATUM : 30 September 2002

BELEIDSOOGMERK : Om hulpbehoewende oorledenes met geen naasbestaandes, gratis te begrawe of te veras.

BELEIDSFILOSOFIE EN BEGINSELS

Die Raad het 'n morele verpligting om hulpbehoewende oorledenes in //Khara Hias munisipale area, met geen naasbestaandes, te begrawe of te veras - wat ookal die goedkoopste is.

RIGLYNE

Wanneer 'n hulpbehoewende deur die Munisipaliteit na 'n hospitaal verwys word en daar tot sterwe kom en geen naasbestaandes van die oorledene gevind kan word nie, moet die oorledene se begrawings- of verassingsonkoste volgens wetgewing deur die Munispaliteit gefinansier word. 'n Oorledene wat deur die SA Polisiedienste in die Munisipale area gevind is, se begrawings- of verassingskoste moet ook volgens wetgewing deur die Munisipaliteit gefinansier word.

PROSEDURE

1. 'n Verantwoordelike beampte van die SA Polisiedienste of Hospitaal in //Khara Hais munisipale area verwittig die Munisipaliteit skriftelik van 'n hulpbehoewende oorledene met geen naasbestaandes, wat volgens wetgewing die verantwoordelikheid van die Munisipaliteit is om te begrawe of te veras.

2. Die Hoof Omgewingsgesondheid en die Hoof Parke deel die begrawings- of verassingskoste waarvoor op die bedryfsbegroting voorsiening gemaak is. Dit is nadat twee kwotasies ingewin is en die goedkoopste kwotasie aanvaar is.

3. Die suksesvolle begrafnisondernemer ontvang 'n skriftelike bestelling van die Munisipaliteit en voer die begrafnis of verassing, in die afwesigheid van enige roubeklaer, uit.

ROLLE

Die Hoof Omgewingsgesondheid en Hoof Parke.

VERWANTE BELEID

Toekenning van gratis grafpersele aan hulpbehoewende naasbestaandes.

HERROEPINGS/WYSIGINGS

Dat alle vorige beleidsbesluite in hierdie verband, herroep word.